MIDSTREAM RIDGE
EXCELLENTIA

# RAKER

- **R** – Respek / Respect
- **A** – Authentic / Oorspronklik
- **K** – Kreatief / Creative
- **K** – Kommunikasie / Communication
- **E** – Entoesiasme / Enthusiastic
- **R** – Responsibility / Verantwoordelikheid

> Om 'n breek te neem kan tot deurbrake lei.



# Uit die Hoof se Kantoor

Beste Ouers

Baie dankie vir 'n fantastiese derde kwartaal vol opwinding, uitdagings, prestasies en soveel meer. Maak asseblief seker dat u en u kind(ers) genoeg rus die vakansie, sodat die vierde kwartaal ook aan deurbraak op deurbraak, gekenmerk kan word.

Baie sterkte aan ons orkes wat die vakansie aan die *SCST Simphonie Orkesfees* in George gaan deelneem. Ons wens hulle alle sterkte toe, maar bowenal, dat dit 'n onvergeetlike ervaring vir elke lid sal wees.


Reis en bly veilig.

## INLIGTING

### RAPPORTE

Die rapporte vir die Grondslagfase en die Intersenfase sal Vrydag, 22 September 2023, om 12:00, op die Ed-Admin Ouerportaal beskikbaar wees. Die gemiddeldes vir die Intersenfase word as volg bereken:

| | |
|---|---|
| Eerste Taal | 20% |
| Eerste Addisionele Taal | 15% |
| Wiskunde | 20% |
| Wetenskap | 15% |
| Geskiedenis | 10% |
| Aardrykskunde | 10% |
| Rekenaars | 5% |
| Robotika & Tegnologie | 5% |



Ons herinner u ook aan die ouermiddag vir die Intersenfase wat op 16 Oktober, plaasvind. Afsprake kan vanaf 10 Oktober, op die ouerportaal en die *Edana* selfoontoepassing, gemaak word.

### SKOOLFOOIE VERHOGINGS 2024

Druk asseblief op die onderstaande skakel vir inligting rakende die fooie verhogings vir 2024.

**2024 FOOIE**

### UNIFORMWINKEL VAKANSIE-URE


| | |
|---|---|
| 22 September | 07:00 - 15:00 |
| 23 September tot 4 Oktober | GESLUIT |
| 5 tot 6 Oktober | 08:00 - 16:00 |
| 9 Oktober | 08:00 - 17:00 |
| Vanaf 10 Oktober | 07:00 - 17:00 |

Vir dringende navrae skakel **064 937 0551**

### KWARTAALKALENDERS 2024 EN 2025

Druk asseblief op die onderstaande skakel vir die kwartaalkalenders vir:

**2024 & 2025**





# RAKKER LANDLOOPSTERRE

Riaan Labuschagne en Amelia Oosthuizen het op Saterdag, 16 September, aan die *ASA Landloop Kampioenskappe* in Gqeberha, deelgeneem. Riaan het 'n 24ste plek behaal, terwyl Amelia, 100ste geëindig het. Baie geluk aan dié twee atlete wat MRP se naam hoog gehou het. Ons is baie trots op julle!

U word almal hartlik uitgenooi na ons **KULTUUR VERTOONVENSTER** wat vanaand om 18:00, in die skoolsaal plaasvind. Kom beleef ons kore, revue-groepe en orkes se uitmuntende vertonings op eie bodem. Hierdie spoggeleentheid is spesiaal om ons ouers te bederf, met die ongelooflike talent van ons leerders en afrigters. Toegang is gratis.




## BLGG STUDIEMETODEKURSUS

Druk asseblief op die skakel vir inligting rakende 'n uitgebreide studiegeleentheid vir gr. 4-7 leerders: BLGG STUDIEKURSUS

## VRYDAG, 22 SEPTEMBER PROGRAM

Na afloop van die saalopening sal die gewone periodes tot die einde van periode 9, volg. Die skool sluit om 12:00

## Skool begin DV op Dinsdag, 10 Oktober 2023